Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Carmen Robinson**
Direktoraat: Diensvoordele
Carmen.Robinson@westerncape.gov.za | 021 467 2248

Lêerno.: 3/3/3/2/4/3
Verwysing: 20250127-53

Omsendbrief: 0002/2025
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure en Adjunkdirekteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Hoofde van alle onderwysinrigtings en erkende werknemerpartye

Kort opsomming: *Proses en prosedure met betrekking tot langdienserkenning.*

**Onderwerp: Langdienserkenning vir werknemers (kantoor- en inrigtinggebaseerde opvoeders asook staatsdienspersoneel)**

1. Hierdie omsendbrief dien as 'n uiteensetting van die proses betreffende langdienserkenning aan kwalifiserende werknemers. Finansiële voordele en, waar van toepassing, die vermeerdering van jaarlikse verlofdae, het betrekking.

2. Die Koördinerende Bedingingsraad vir die Staatsdiens se Resolusie 01 van 2012, gedateer 31 Julie 2012, maak voorsiening vir langdienserkenning in die staatsdiens om werknemers wat vir 10, 20, 30 en 40 jaar toegewyde diens gelewer het, te vereer en te beloon.

3. Inrigtinggebaseerde ondersteuningspersoneel asook kantoorgebaseerde werknemers wat vir 10 jaar of langer ononderbroke diens gelewer het, kwalifiseer vir jaarlikse verlof gelykstaande aan 30 werksdae.

4. Vir deurlopende toegewyde diens wat oor 20, 30 en 40 jaar strek, ontvang hierdie werknemers 'n kontanttoekenning. Hierdie bedrag word jaarliks op 01 April aangepas in ooreenstemming met die gemiddelde verbruikersprysindeks vir die tydperk wat in Januarie tot Desember van die voorafgaande jaar strek. Hierdie bedrag is op die webwerf van die Departement van Staatsdiens en Administrasie beskikbaar en is onderhewig aan belasting.

5. Die Direktoraat: Diensvoordele poog om die kontanttoekenning in die maand wat op die kwalifiserende tydperk volg, te verwerk.


wcedonline.westerncape.gov.za
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 819 919 | Veilige Skole: 0800 45 46 47
Wes-Kaapse Onderwysdepartement

6. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement reël, benewens die bogenoemde voorgeskrewe voordele en onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse, jaarliks formele langdienstoekenningsgeleenthede vir hierdie werknemers in die jaar wat volg op die kwalifiserende tydperk. Werknemers word aangeraai om hul kontakbesonderhede, spesifiek hul selfoonnommers, by te werk en op hul e-posadresse van die Wes-Kaapse Regering aan te meld om toe te sien dat hulle die uitnodiging na die langdienstoekenningsgeleenthede ontvang en daarop kan reageer.

7. Sou werknemers vermoed dat die aanstellingsdatum op hul betaalstrokie verkeerd is, word hierdie werknemers aangeraai om via die prinsipaal/bestuurder die WKOD se inbelsentrum by 0861 819 919 te kontak, of ’n e-pos te stuur aan WCED.CallCentre@westerncape.gov.za of WCED.WalkinCentre@westerncape.gov.za.

8. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2025-02-06